# Kerkregering as 'n geestelike regeringswyse [1]

C.J. Smit
Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
PRETORIA

**Abstract**
*Church government has derived its unique character from the policy which the Lord has ordained for His church. Thus, the only valid source for research into the principles of church government is the Word of God. In this study it is argued that the authority to govern the church does not stem from its governing body, but from Christ, the actual ruler of the church. Because the church is Word-governed, church government is Spirit-government. Thus church government does not only imply judicial-legal aspects, but should reflect a governing of the heart on the basis of faith and love. The task of church government is essential to safeguard and maintain the restored relationship with God.*

## 1. TER INLEIDING: DIE VRAAGSTUK

'n Ondersoek na die onderwerp van hierdie artikel vereis 'n vertrekpunt. So 'n vertrekpunt lê in die antwoord op 'n voorafvraag, die vraag of die kerk as 'n geestelike gemeenskap (Calvyn, 1956, IV, i, 2, 3; vgl. Milner, 1970:44) wel aanspraak sou kon maak op 'n 'geestelike regeringswyse' wat van enige wêreldlike regeringswyse verskil. Sou die kerk hom nie vir enige willekeurige wyse van kerkregering leen, byvoorbeeld 'n demokratiese regeringswyse, waarop gelowiges met 'n meerderheidstem sou kon besluit nie?

Indien die moontlikheid van 'n 'geestelike regeringswyse' vir die kerk Skriftuurlik gefundeer kan word, sal die gronde en die betekenis van 'n 'geestelike regeringswyse' verken word. Die verkenning word gedoen teen die agtergrond van sowel die praktyk van kerkregering as die wese van die kerk. Die ondersoek word derhalwe vanuit én die belangrikste kerkregeringstelsels én 'n bepaalde kerkbegrip gerig.

Sodanige ondersoek is van fundamentele belang vir 'n Skrifverantwoorde beskouing oor

* die gesag waarmee kerkvergaderings besluite neem
* die wyse waarop kerkregering uitgeoefen moet word.

Die grondliggende vraag waaroor in kerkregering telkens verantwoording gedoen moet

[1] Oorspronklik aangebied as lesing voor die Suid-Afrikaanse Kerkhistoriese Werkgemeenskap op 22 Januarie 1992.

word, is die vraag na die gesag van kerklike besluite:

- Word die besluite van kerklike vergaderings op gesag van die kerk, die kerklike dienaars, of die vergaderings geneem?

- Watter bindingskrag het kerklike besluite?

- "Is daar raad met die verleentheid wat die kerk soms ervaar rondom sy eie uitsprake?" (Potgieter, 1983:12.)

- "Die brandende vraag is egter steeds: Met watter gesag spreek die kerkvergadering in sy besluite?" (Potgieter, 1983:10.)

Uiteindelik trek die noodsaaklikheid van die ondersoek na die wyse waarop kerkregering uitgeoefen moet word saam in die vraag hoe koue wettisisme en dooie formalisme in die kerk van die Here teëgewerk sou kon word:

> Bied 'n eventuele 'geestelike regeringswyse' 'n kerkregering waarin voorkom kan word dat Christus se koningskap in die kerk steeds met die mond bely word, terwyl dit in die praktyk reeds plek moes maak vir die heerskappy van mense? (Vgl. Hovius, 1962:25; Van't Spijker, 1974:38; Van der Walt, 1976:6, 161.)

## 2. DIE MOONTLIKHEID VAN 'N 'GEESTELIKE REGERINGSWYSE' VIR DIE KERK UIT VERSKEIE TRADISIES VAN KERKREGERINGSTELSELS

### 2.1 Die Rooms-Katolieke tradisie

In die Rooms-Katolieke tradisie regeer die pous die kerk namens Christus - inderwaarheid in die plek van Christus. As *vicarius Christi* heet hy ook *pontifex maximus* en *episcopus episcoporum* (Schwendenwein, 1983:206, 210). Geskoei op die lees van die Romeinse keiserryk, beskik hy oor onbeperkte bevoorregtings- en kwytskeldingsregte (Feine, 1972:333). In die pous se regeringsbevoegdheid vind 'n vereenselwiging met dié van Christus plaas, in so 'n mate dat geen appèl ten opsigte van sy uitsprake moontlik is nie, nie na die algemene konsilie, of na die wêreldlike regbank nie. Hy is as die hoogste wetgewer die interpreteerder van die goddelike reg; daarom het hy volkome bevoegdheid oor die *canones*. Hy is by magte om kerklike wette en leerstellinge te verander, ter syde te stel, of te herroep (Mörsdorf, 1964:344; vgl. Bouwman, 1970:196). As opperherder het die pous geen aardse herder oor hom nie (Mörsdorf, 1964:26 e.v.); as hoogste gesag het die pous geen aardse mag oor hom nie (Mörsdorf, 1964:343 e.v.); en as hoogste regter het hy geen aardse regter oor hom nie (Neumann, 1981: 137; Feine, 1972:336):

> Der Papst schafft das gemeine Kirchenrecht. Er ist der eigentliche und ausschliessliche Gesetzgeber für die Gesamtkirche" (Feine, 1972:329).

Volgens die Rooms-Katolieke of pouslike kerkregeringstelsel, is 'n 'geestelike regeringswyse' vir die kerk nie slegs moontlik nie, maar kom dit volkome en onveranderlik in die hande van 'n kerklike monarg, die pous, tereg (Feine, 1972: 300; Van't Spijker, 1990a:305-309).

## 2.2 Die Lutherse tradisie

Volgens Luther se tweeryke-leer, dié van 'n geestelike en 'n wêreldlike, wat hy in hooftrekke van Augustinus[2] (*De Civ. Dei* 15,1) se onderskeid tussen die *civitas Dei* (ryk van God) en die *civitas terrena* (ryk van die aarde) ontleen het, regeer God op tweërlei wyse deur twee regimente:

* *direk* deur sy Woord en Gees in die harte van die gelowiges, en

* *indirek* deur die wêreldlike vors (WA[3] :149; WA 11:251, 262; WA 12:334V).

Luther se tweeryke-leer, sy kinderlike geloof in die ordeningskrag van die verkondigde Woord (Luther, 1884:370 e.v.), sowel as sy afkeer aan die Roomse institusionalisme (WA 7:152-186) én die praktiese probleme in sy tyd met betrekking tot die organisasie van die kerk (Friedrich, 1978:77; Van't Spijker, 1983:118), het daartoe gelei dat hy, maar veral sy volgelinge (Harnack, 1862:49 e.v.; vgl. Wehrhahn, 1956:16; Holstein 1928:177-180) die kerkregering aan die staatsowerheid oorgelaat het. Veral Sohm (1892:455 e.v. 700) kon as juris, uit die agtergrond van die tweeregimente-leer gepaard met 'n spiritualistiese kerkbegrip (vgl. Plomp, 1967:8), kerkreg nie anders sien as gewone positiewe reg nie.

In beginsel kom die beskouinge binne die Lutherse kerkregeringstelsel neer op 'n erkenning van die goddelike heerskappy in die kerk. Wat die regering van die kerk betref, word die goddelike heerskappy egter nie op 'n 'geestelike wyse' in die historiese proses voltrek nie, maar op 'n 'wêreldlike wyse'. Omdat kerkregering volgens hierdie kerkregeringstelsel deel van die wêreldlike regiment is, word die beskouing gehandhaaf dat Christus die kerk deur die staatsowerheid regeer (Wehrhahn, 1956:109 e.v.; Bahmann, 1967:301 e.v.).

## 2.3 Kollegialistiese tradisie

Die basis van die kollegialistiese kerkregeringstradisie is gelê deur die rasionalistiese stroming uit die agtiende eeu. Hierdie stroming huldig onder invloed van die natuurreg die outonomie van die mens met sy vrye wil (Sehling, 1914:38; De Wet, 1921:2, 6 e.v.). Volgens die natuurreg regeer elke indiwidu eintlik oor homself; daarom lê die

2 Augustinus: kyk Augustinus (1955).

3 WA: Kyk Luther (1883-).

basis van alle regeringsmag in die soewereiniteit van die indiwidu. Indiwidue wat op grond van eie wil as lidmate by 'die kerk' (wat as 'n instituut of vereniging buite sy lede bestaan) aansluit, beskik oor die mag om die kerk na willekeur te regeer. Met onderlinge ooreenkoms dra hulle hulle regeringsbevoegdheid soos in die verenigingsreg aan 'die kerk' met die sinode as sy regeringsliggaam oor (Schlaich, 1969:15 e.v.; Du Plooy, 1989:4-6; Pont, 1991:112, 119).

Volgens hierdie beskouing bestaan 'die kerk' uit 'n versameling van gemeentes en die gemeentes funksioneer as't ware as 'takke' van 'die kerk' (Fourie 1973:62, 81 e.v.). 'Die kerk' is dus eintlik 'n instituering van die kerkverband, naas (én bo) die gemeentes (O'Brien Geldenhuys, 1951:157; Fourie, 1973:61). Sodoende verloor die gemeente as plaaslike kerk sy bevoegdheid as volledige liggaam van Christus in die versameling gemeentes wat as 'die kerk' funksioneer, en ressorteer dit volkome onder die regeringsmag van die sinode as die hoogste gesagsliggaam van 'die kerk'.

Hoewel Christus in beginsel as die eintlike regeerder van die kerk erken word, word sy heerskappy in die praktyk grotendeels verdring deur die beskouing dat die kerk oor inherente gesag beskik - op grond van die soewereiniteit van elke lidmaat. Omdat die kerk op grond van die verenigingsreg funksioneer en die *potestas ecclesiastica* ook aan die staatsvors kan oordra (Pont, 1991:116, 117), is 'n 'geestelike regeringswyse' in die kollegialisme slegs in naam moontlik. Prinsipieel gesien, handhaaf die kollegialisme in die praktyk 'n wêreldlike regeringswyse (Kuyper, 1883:51, 52; Du Plooy, 1989:9, 10).

## 2.4 Kongregasionalistiese tradisie

Elke groep individuele gelowiges wat hulleself in 'n *congregation* organiseer, word as 'n *congregatio fidelium* beskou (Walker, 1893: CP[4] II, 6; vgl. Kuyper, 1883:49). Hierdie groepe, waarin gelowiges deur 'n verbond aan mekaar en aan die Here verbind word, bestaan op 'n sterk individualistiese wyse langs mekaar (Dexter, 1970:105; Horton, 1952:33, 59, 69, 79; Walker, 1893:CP, II, 5; SD,[5] III). Op grond van dieselfde geloof bestaan daar wel 'n *unio* van kerke wat deur *communio* tot uitdrukking kom (Horton, 1952:18). Die *communio* hou wedersydse kerklike erkenning in. Met betrekking tot bepaalde kerklike probleme tree kerke ook met mekaar in konsultasie (Walker, 1893:CP, XV, 2, II). Sinodes word egter nie noodsaaklik geag nie en vervul slegs 'n konsulterende funksie (Walker, 1893:CP, XVI, 1) wat hoogstens advies by geleentheid uitspreek (Walker, 1893:SD XXVI, XXVII).

Die *congregation* het volkome gesag oor homself (Walker, 1893:CP, V, 2; SD, VI), 'n

4 CP: kyk Walker (1893).

5 SD: kyk Walker (1839).

gesag wat aan Christus ontleen is (Walker, 1893:CP, V, I; SD, I). Christus delegeer sy gesag aan elke *congregation* of gemeente en sodoende oefen Hy die regering van die kerk volledig deur die *congregation* uit (Walker, 1893:CP, V, 2; SD, IV; McGiffert, 1949:105, 107 e.v.). Die hoofskap van Christus kom tot stand deurdat Skrifberoep die enigste geldige wyse van kerkregering is waardeur die geestelike regeringswyse in die kerk duidelik tot uitdrukking kom (Van't Spijker, 1990b:319-325).

### 2.5 Die gereformeerde tradisie

#### 2.5.1 'n Christusregering

Die uitgangspunt en die voltrekking van die gereformeerde beskouing oor kerkregering lê in Jesus Christus, die enigste hoof van die kerk (1 Kor. 11:3; Ef. 1:22; 4:15; 5:23; Kol. 1:18; 2:10, 19; Van der Walt, 1976:168 e.v). Hy alleen het die mag om oor die kerk te regeer, en daarvoor roep Hy sy diensknegte wat Hyself vir die taak toerus (OC, 52:86 e.v.; OC,[6] 51:159 e.v.; OC, 51:222).

Volgens die uitgangspunt in die gereformeerde kerkregeringstelsel is 'n Skriftuurlik begronde kerkregering noodwendig 'n geestelike regeringswyse. Trouens, die gereformeerdes lê soveel klem op hierdie uitgangspunt, dat hulle dit as geloofsbelydenis verwoord het: "Ons glo dat hierdie ware kerk ooreenkomstig die geestelike bestuurswyse wat ons Here ons in sy Woord geleer het, geregeer moet word" (NGB, art. 30).

Volgens dié belydenis word die 'geestelike bestuurswyse' deur geroepe dienaars in die kerk uitgeoefen. Dit beteken egter nie dat die kerklike gesag in die persoon setel wat deur die Here geroep word, óf staties in die diens, óf in die kerklike vergadering nie. Die kerklike gesag is dinamies, dit setel in die lewende Woord. Die dienaars is niks anders nie as bedienaars van die goddelike Woord (*Verbi divini minister*); hulle spreek slegs gesagvol as die Woord in hulle woorde aan die woord kom. So regeer Christus oor die kerk deur sy Woord en Gees (Calvyn, 1956, IV, iii, 1; IV, viii, 1 en 4; Ganoczy, 1968:291 e.v.).

Benewens Christus se regering oor sy kerk deur sy geroepe diensknegte, regeer Hy ook direk, ook deur sy Woord en Gees, in die hart van elke gelowige. Waar die Woord gehoor word, dit wil sê waar die werkinge van die Gees met die Woord korreleer, ontstaan geloof. Die nuwe (ware) orde kom tot stand waar onder die gesag van die Woord en Gees gebuig word (Milner, 1970:4; Ganoczy, 1968:195-206).

#### 2.5.2 Kerklike dienaars en vergaderings het geen eie gesag nie

In die gereformeerde kerkregering gaan dit uitdruklik nie om *mag* (*auctoritas*) wat aan

6 OC: kyk Calvyn (1864-1867).

mense gegee word nie, maar om die bevoegdheid tot *bediening* (*ministerium*) van Christus se gesag (Calvyn, 1956, IV, xi, 1; IV, x, 6, 8, 17, 30). Die dienaars in die besonder, maar selfs elke gelowige het die roeping om dié gesag te bedien en so die koninklike priesterdom van die gelowiges tot uitdrukking te bring (Calvyn, 1956, IV, i, 3; IV, xii, 2 en 7; OC, 51:159 e.v.; OC, 51:192).

Ook die kerklike vergaderinge het geen eie regeringsmag nie, maar oefen die bediening van Christus se regering uit. Daarom stel Calvyn selfs dat Christus inderwaarheid die voorsitter van die vergadering moet wees, en dit is Hy eers wanneer die vergadering in al sy besluite ooreenkomstig die Woord deur die Gees gelei word (Calvyn, 1956, IV, ix, 1).

Binne die raamwerk van volstrekte afhanklikheid van die Woord moet die tradisionele siening van gereformeerde kerke oor die regeringsbevoegdheid van die kerk verstaan word (Calvyn, 1956, IV, viii, 1). Die bevoegdheid om te regeer, om reg te spreek en om reëls voor te hou, is nie 'n selfstandige gesag nie: dit is 'n bevoegdheid om wat Christus in sy Woord neergelê het, te *bedien*. Nie in menslike insettinge nie, maar in goddelike voorskrif en opdrag lê kerkregering: "... nec tam potestatem esse quam ministerium ..." (Calvyn, 1956, IV, xi, 1; vgl. OC, 45:474-477 en 515 e.v.; IV, x, 30; IV, vi, 9). Op grond van die Skrifuitspraak dat "alles egter gepas en ordelik moet geskied" (1 Kor. 14:40) moet die kerk ordereëlings vir sy ordelike voortbestaan tref. Hierdie ordereëlings moet so in ooreenstemming met die Woord wees, asof dit "uit die mond van Christus self kom" (NGB, art. 32; OC, 49:536).

Volgens die gereformeerde tradisie is kerkregering geheel en al van 'n ander aard as die wêreldlike of burgerlike regering: dit is 'n volkome 'geestelike regeringswyse' waarin Christus deur sy Woord en Gees die eintlike Regeerder is en hiervoor roep Hy gelowiges tot die besondere dienste waardeur sy heerskappy in die gemeente bedien word (NGB, art. 30, 31, 32; Calvyn, 1956, IV, xii, 1-6).

## 3. Voorlopige konklusie

- Uit die tradisies van die bekendste kerkregeringstelsels blyk verskille oor die moontlikheid van 'n 'geestelike regeringswyse' vir die kerk.

- Die verskille lê in beginsel nie in die essensie van die Skrifwaarheid dat Jesus Christus die eintlike Regeerder van die kerk is nie (1 Kor. 11:3; Ef. 1:22; 4:15; 5:23; Kol. 1:18; 2:10, 19). Die verskille lê hoofsaaklik in die wyse waarop Christus die regering van die kerk in die historiese proses uitvoer.

- Die gereformeerde kerkregeringstelsel gaan uit van die werking van Woord en Gees as die wyse waarop Christus sy kerk regeer. Hiervolgens is 'n 'geestelike

regeringswyse' vir die kerk nie slegs moontlik nie, maar in werklikheid 'n Skrif-opdrag.

In die verdere ondersoek na die betekenis van 'n 'geestelike regeringswyse' vir die kerk word die gereformeerde uitgangspunte gehandhaaf.

## 4. DIE EIESOORTIGHEID VAN KERKREGERING AS 'N 'GEESTELIKE REGERINGSWYSE' IN DIE LIG VAN DIE EIESOORTIGHEID VAN DIE KERK

### 4.1 Die eiesoortigheid van die kerk

Die kerk is 'n heilige vergadering van die mense wat deur God uit die sondedood geroep is. Die bepaalde mense word gekenmerk deur hulle individuele en gesamentlike erkenning van Jesus Christus as die ewige Koning en derhalwe die eintlike en ware Regeerder. Aan Hom alleen behoort die kerk en Hy alleen beskik en regeer oor die kerk (1 Kor. 1:2; Rom. 1:6; Kol. 3:12; NGB, art. 27; Ridderbos, 1971:371; Snyman, 1977:35, 36; Groenewald, 1962:392). Die roeping deur God op grond van sy uitverkiesende genade en die gevolglike geloof in Hom kan as die konstitutiewe basis van die kerk gesien word (Gassmann, 1968:45).

Die geroepenheid van die kerk, God se verlossende uitroep in die geskiedenis, moet gesien word as sy magtige herskeppingsdaad uit die sondedood. As die vergadering van verlostes (1 Kor. 1:2) toon die kerk in die sondige wêreld pertinent die trekke van 'n herskape mensheid. As vrug van die herskeppende en heiligende werk van die Heilige Gees kom daar reeds 'n nuwe lewenshouding tot uitdrukking. Hierdie lewenshouding word gekenmerk deur gehoorsaamheid aan God.

Die kerk moet gesien word as God se herstellende antwoord, sy heilige korrektief op 'n verloregaande mensheid (Smit, 1985:135-149, 276-282):

> ... 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig (1 Pet. 2:9).

Dit impliseer egter nie dat die gelowiges in hierdie bedeling reeds volmaaktheid bereik nie; ook nie dat die kerk reeds die volmaakte saailand sonder onkruid is nie (NGB, art. 29).

### 4.2 Die eiesoortigheid van kerkregering

Al kom die kerk deur God se verkiesende genade tot stand, en nie deur die 'vrye wil' van die mens nie, kan die kerk as 'n geestelike gemeenskap in hierdie wêreld nie

sonder regsbepalinge en ordereëlings funksioneer nie. As die gemeenskap van herskape mense moet die kerk steeds in 'n wêreld van sondeverlorenes funksioneer (Coertzen, 1991:1, 2).

Die besondere samestelling van die kerk as gemeenskap van herskape mense, waardeur die herstel van die orde in die wêreld sigbaar word (Milner, 1970:44), vereis 'n ander regeringswyse as dié wat deur monargisme, oligargisme, outokrasie of demokrasie daargestel word. Hierdie regering word nie gefundeer op staatlike reg, verenigingsreg of op 'n stelsel van presedentereg nie. Dit is ook nie 'n regering wat op 'n meerderheidstem van bevoegde persone berus nie (Smit, 1985:287-290). Hierdie regering berus in die eerste plek op die soenverdienste van Jesus Christus, en is derhalwe volkome verbind aan sy wil vir sy kerk (Coertzen, 1991:38-48).

In die regeringswyse waarin oor die hele spektrum van kerkregering gevra moet word na wat die Here regtens vir sy kerk wil, soos Hy dit in sy Woord geopenbaar het (Smit, 1985:286), is geen sprake van geregtelike dwang nie, maar wel van verkondiging en oorreding. Dit gaan hier om die werkinge van die Heilige Gees. Deur die Woord en die Gees kom Christus se alleenheerskappy oor sy kerk tot stand.

Die 'geestelike regeringswyse' in die kerk kan kortweg getipeer word as Woordregering, want Woordregering is regering deur die Gees (vgl. NGB, art. 30).

Hierdie geestelike wyse van regeer verhinder die kerk nie om binne die bepalinge van die staatlike reg aan die regsverkeer deel te neem nie. Dit doen die kerk nie as 'n statutêr bepaalde liggaam binne die staatshuishouding nie, maar wel as die unieke liggaam van Christus binne sy eie regsbevoegdheid (vgl. Haijtema, 1951:13 e.v.). Hierdie regsbevoegdheid word derhalwe nie deur die staatsowerheid aan die kerk verleen nie. Die kerk beskik oor regsbevoegdheid, soos elke samelewingsverband, en wel kragtens sy ordening as die liggaam van Christus (Pienaar, 1982:271 e.v.; 1984:2 e.v.): "De kerk heeft een eigen recht dat niet door de aardsche macht kan worden vervreemd" (Hoedemaker, 1904:13; vgl. p. 8). Trouens, die eiesoortige regeringswyse van die kerk word volledig deur die staatsreg as interne verbandsreg erken (Pienaar, s.j.: 36-43).

## 5. KERKREGERING WORD DEUR DIE GEREFORMEERDE KERKREG AS WOORDBEDIENING GEFUNDEER

### 5.1 Die Kerkreg vors die wil van die Here vir die kerk in sy regsordelike bestaan na

Die dissipline waardeur die beginsels van kerkregering as 'n geestelike regeringswyse nagevors en gesistematiseer word, is die Kerkreg. Daarom kan Kerkreg gedefinieer word as "die teologiese dissipline waardeur God se reg en orde vir sy kerk, soos geopenbaar in sy Woord, in die kerk bedien word deur dit na te vors, te verklaar en vir

die kerkregering toepaslik te maak" (Smit, 1985:305). Omdat dit in die Kerkreg om die heerskappy van God gaan, is daar 'n onafskeidelike verband tussen Kerkreg en die koninkryk van die hemele. In God se reg vir sy kerk gaan dit, soos in die koninkryk, om God se heerskappy en die kerk se gehoorsaamheid aan Hom: die nuwe lewe in Christus word deur die Kerkreg in onderwerping en gehoorsaamheid aan Hom beveilig (Van der Linde, 1984:128, 132).

P. Coertzen (1991:xi) druk die funksie van die Kerkreg daarin uit dat dit "wil help om die orde *vir* die kerk ook tot 'n orde *in* die kerk te maak". Gevolglik beskou hy Kerkregering as "die praktyk van elke dag se kerkwees waarin gestalte, uitvoering, aan die resultate van kerkreg as wetenskap gegee word" (Coertzen, 1991:xi).

In die gereformeerde Kerkreg is die fundamentele uitgangspunt dat God die reg en orde vir sy kerk in sy Woord bepaal, duidelik omlyn en eksegeties begrond. Wat in God se oog vir sy kerk ooreenkomstig sy wil *reg* is, maak Hy bekend in sy Woord deur sy regshandelinge, deur sy Wet en deur die neerlegging van bepaalde beginsels vir die regsordelike lewe van sy kerk (vgl. Voetius, PE,[7] IV:119, 129, 832; Smit, 1984a:58-62; 1985:150-225). Dit beteken egter nie dat God se geopenbaarde reg en orde 'n juridies uitgewerkte, reeds gepositiveerde, regsorde vir sy kerk is nie. Die wyse van kerkregering moet uit die neergelegde *beginsels* vir die ontstaan, die bestaan en die voortbestaan van die kerk in die Woord van God kerkregtelik nagevors word (vgl. Voetius, PE, III:865).

Kerkreg stel dus nie op grond van algemene regsreëls vas wat vir gelowiges die beste lyk, wat volgens die meerderheidstem goed en wys vir die kerk sou wees nie. Kerkreg moet hom besig hou met die vraag na die wil van die Here vir sy kerk: hoe sy heerskappy ten beste tot uitvoering kan kom. Daarom impliseer 'n Skrifbepaalde Kerkreg wesenlik die uitleg en verkondiging, dit wil sê *bediening* van die Woord van God. (Onder *bediening* word in hierdie konteks verstaan die omvattende aktiwiteit van navorsing, verklaring en toepaslik maak. Vgl. Smit, 1987:22; 1985:285 e.v.; Greijdanus, s.j. :4-8.)

## 5.2 Kerkregering berus op Skrifberoep

Die kerke het die Skrifopdrag om deur hulle dienaars in kerklike vergaderinge kerkregering deur toepassing van die Kerkreg uit te oefen. Dit vind plaas deurdat die dienaars kerklike besluite op grond van kerkregtelike bepalings formuleer (vgl. Kleynhans, 1985:137, 138). Kerklike vergaderinge is dus, regstegnies beskou, die bevoegde regeringsorgane wat wel "juridiese inhoud en gelding aan 'n regsbeginsel verleen" (Van Zyl & Van der Vyver, 1982:246), sonder dat hulle oor die bevoegdheid beskik om self

[7] PE: kyk Voetius (1885).

die 'regsbeginsel' te bepaal. Die kerkregeringsorgane se gesagsbevoegdheid lê derhalwe uitsluitlik in die hoë opdrag tot Skrifberoep. Wat deur die Skrif as kerkregtelike beginsels gestel word, moet hulle in werking stel deur die kerkregering. Slegs in soverre hulle die Koning van die kerk op dié wyse deur sy Woord aan die woord stel, kan daar sprake van gesagvolle uitsprake en besluite wees (Calvyn, 1956, IV, ii, 4; IV, iii, 1, 2, 7, 8, 14; IV, viii, 1-4, 7, 8, 23; Spoelstra, 1978:10; Van der Walt, 1976:37; Smit, 1983:28): "Wat Christus beveelt, heeft absolute gezag, maar de opzieners der gemeente hebben uit zichzelven niets te zeggen, maar alleen als bedienaars des Woords" (Bouwman, 1970:2).

By wyse van Skrifberoep word nie alleen juridies geldende kerklike besluite geneem nie, maar daar kom ook 'n geldende ordereëling vir die kerk tot stand. Die ordereëling wat as kerkorde gevorm word, deurdat God se verordeninge en beginsels vir sy kerk kerkregtelik nagevors, verklaar en toepaslik gemaak word, het eweneens geen ander taak as om God se Woord in die kerkregering aan die orde te stel nie. En waar enkele regulatiewe reëlings geformuleer moet word, word ook dit op gesag van die Woord (1 Kor. 14:40), en in ooreenstemming met die gees van die bepalings van die Woord gedoen (Smit, 1984a:104, 105).

Die regsgeldigheid van enige kerklike besluit, waardeur gewetensdwang op gelowiges uitgeoefen word, hang wesenlik af van ooreenstemming met die Woord van God en die belydenis (die kerk se gelowige nasê - *homologein* - van die Woord - vgl. Smit, 1984a:58-69). Indien 'n kerklike vergadering 'n besluit sou neem wat strydig met God se Woord en die belydenisskrifte is, sou die besluit dus wesenlik nie oor regsgeldigheid beskik nie. Teen so 'n besluit moet die kerklike weg van beswaar op 'n kerklike wyse bewandel word (GKO, art. 31). Intussen moet die beswaarde(s) aan die Woord gehoorsaam bly, al sou dit lynreg teen die kerklike besluit ingaan:

> ... van het kerkrecht is juist de grondslag, dat Gods Woord boven alles gaat. Het is zijn beginsel, dat alle ordening met dat Woord overeenstemme; en het is zijn eisch, dat er nooit berust worde in verloochening van dat Woord (Rutgers, 1894:19 e.v.).

Die grootsheid van kerkregering as 'n geestelike regeringswyse is aan sy bedieningsfunksie toe te skryf. Hier kom God se Woord aan die woord! En juis omdat die kerkregering Woordbediening is, funksioneer die Skrifgebonde kerkregering met niks minder nie as met Woordgesag.

## 6. KERKREGERING SE GELDINGSKRAG LÊ IN MÉÉR AS IN FORMELE REG

### 6.1 Kerkregering word deur geloof en liefde gerig

Die Skrifbepalings wat deur die Kerkreg blootgelê word en in die kerkregering aan kerklike besluite gestalte gee, het ook formele juridiese bindingskrag vanweë die regsbevoegdheid waaroor die kerk beskik (Pienaar, s.j. :32-35).

Kerkregering se doel en gerigtheid is egter nie dié van juridies-wetlike afdwingbaarheid nie. Die bedieningsfunksie van die kerkregering tref 'n dieper substaat as die formeel juridiese. Die bindingskrag van kerkregering word deur faktore soos *geloof* en *liefde* bepaal. In geloof aan die Woord aanvaar die kerk met liefde wat in die kerkregering bepaal word. Nie die *swaardmag* nie, maar die *Woordmag* heers in die kerk (Smit, 1985:291; vgl. Kamphuis, 1966:8). Waar reg uit geloof en liefde gehoorsaam word, heers dit oor die *hart*, maar waar reg uit formele plig nagevolg word, heers dit slegs oor die uiterlike handelinge van mense (Smit, 1985:293; 1984b:21-23; Rutgers, 1894:22-25).

Die norm vir Skrifgebonde kerkregering, waarvolgens alle kerkregeringshandelinge uitgeoefen en aanvaar moet word, is die liefdesgebod:

> Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met jou hele krag. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan, is: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself (Matt. 22:37-39).

### 6.2 Kerkregering is regering deur die Gees

Die liefdesgebod bepaal kerkregering as 'n *hartsregering*, eerder as 'n juridies-wetlike regering, binne die pole van geloofseis en geloofsbeantwoording ("Anspruch und Anerkennung"; (vgl. Dombois, 1969:164 e.v., 815; Dreier, 1984:408-415). Hiervolgens sentreer kerkregering wat selfs buite om formele bepalinge geldend bly, in die verhouding tussen God en sy kerk as die gemeenskap van herskape mense in en deur sy Seun. Vanweë die voltrekking van hierdie verhouding deur die Heilige Gees, kan Skrifgebonde kerkregering niks anders wees nie as 'n werktuig van die Gees waardeur Hy 'n nuwe orde in stand hou (Käsemann, 1964:69 e.v., 81; Van't Spijker, 1972:12 e.v.). Wie kerkregering veront-Geestelik, skep 'n menslike bestuur vir die kerk buite die sfeer van geloofseis en geloofsbeantwoording en sodoende word God se nuwe orde in hierdie wêreld beskadig, selfs geruïneer.

Waar kerkregering nie meer Woordbediening en sodoende die werk van die Gees is nie, verval die geloofsbasis en verkil die liefdesgerigtheid van kerkregering onvermydelik; dan word die liefdesgebod as norm vir kerkregering prysgegee vir blote prosedurehandhawing. Onderwerping aan prosedure en kerklike reglemente word sodoende die kil plaasvervanger van die lewende, dinamiese werking van die Heilige Gees. Op dié wyse word die geldingskrag van kerkregering tot slegs binne sy formele aspek begrens. Dan kan kerkregering ook nie meer 'n bydrae tot die nuwe lewe van die herstelde mensheid maak deur die uitbouing en beveiliging daarvan nie. Slegs deur die Gees van God kan die kerk aan sy lewensdoel beantwoord: "Het formeert en het

bindt en het regelt, opdat en zoodat alle lede met elkander samenwerken, in gehoorzaamheid aan Gods Woord en tot eer van zijn Naam" (Rutgers, 1894:38).

## 7. KERKREGERING IS DIE BEVEILIGING EN HANDHAWING VAN DIE HERSTELDE VERHOUDING MET GOD

### 7.1 Kerkregering en die herskeppingsmotief

Deur die hart van 'n Skrifgebonde kerkregering klop die herskeppingsmotief van die evangelie. God se reg vir sy kerk is toegespits op die herstel van sy skepping wat deur Satan stukkend gebreek en verderwe is. Hierdie herskepping vind plaas met die deurbraak van die koninkryk van die hemele in alles wat met die Seun van God op aarde om sy volk se ontwil gebeur. Deur die versoening in Christus is die hele mensheid as 't ware verteenwoordig in God se herskape volk, die kerk. God se herskeppingshandelinge in en deur Jesus Christus, bring *herstel* van verhoudinge mee. Binne die herskeppingsruimte, naamlik sy koninkryk, tree God weer teenoor sondaars op soos teenoor eie kinders. En nou moet (en kan) sondaarmense prinsipieel reeds weer teenoor God optree soos teenoor 'n eie Vader en op grond van die liefdesgebod teenoor mekaar as broers en susters (Smit, 1985:298 e.v.; 1987:19 e.v.). Hierdie herstelde verhouding met God, en daarom ook met mekaar, word in en deur die Seun van God gerealiseer deurdat Hy "uit die hele menslike geslag vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord in die eenheid van die ware geloof ... vergader, beskerm en onderhou ..." (HK, Son. 21:54).

### 7.2 Kerkregering is op gehoorsaamheid gerig

Om die prinsipieel herstelde verhouding tussen die Here en sy kerk en tussen die lede van die kerk onderling te beveilig en te handhaaf, moet alle kerkregeringshandelinge wesenlik daarop ingestel wees om die herskape gemeenskap se regsordelike bestaan vir gehoorsaamheid aan die Here te handhaaf. Hierdie regsordelike bestaan vind plaas byvoorbeeld deur die bediening van die sleutels van die koninkryk: Woordbediening en tugbediening (HK, Son. 31). Deur so onder die Woordbediening te buig dat Christus se regering oor sy kerk sigbaar word, deur die tug so toe te pas asof dit Hyself is wat tugtig, kom die herskepping van God se volk regsordelik in sy kerk tot uitdrukking (Smit, 1987:20, 21). Ook in gewone praktiese reëlings, middelmatige sake, byvoorbeeld die aanvangstye van eredienste, grensreëlings tussen kerke en attestasiereëlings, moet die kerkregering gerig word deur die *herskeppingsmotief* waardeur die *aedificatio* (opbou) van die gemeente beoog word (Smit, 1987:23).

As voorbeeld kom die gerigtheid van die kerkregering op die beveiliging en handhawing van die herstelde verhouding met God konkreet in die fundamentele aspek van die kerklike tug na vore, naamlik die *vermaning*. Die Griekse woord wat telkemale in die Nuwe Testament vir vermaning gebruik word, is *parakaléo*, 'n ryk, veelduidende

woord. Uit die kontekstuele gebruik van hierdie woord blyk dié betekenisaspekte: 'om vir hulp te vra', 'te vermaan', 'te smeek', 'te troos', 'te bemoedig', 'op te beur (Schmitz, 1979:793-799). Etimologies is *parakaléo* stamverwant aan *paraklétos*, die bekende benaming vir die Heilige Gees in die Johannes-evangelie. *Paraklétos* se kontekstuele betekenisaspekte is dié van 'helper', 'advokaat', 'trooster', 'vermaner'. In konteks met die betekenisaspekte van *paraklétos* verkry *parakaléo* 'n merkwaardige betekenis. Om iemand te vermaan "as though God exhorts through us" (Schmitz, 1979:795), beteken inderwaarheid om hom op te beur, te bemoedig, te help, te troos; saamgevat: om dit so van hom af te smeek om die kwade te laat vaar en God te gehoorsaam, dat hy in die waarheid opgebou word. Op hierdie wyse is kerklike vermaning inderwaarheid op die beveiliging en handhawing van die herskeppingsmotief gerig: die herstel van God se eer, die herstel van die sondaar en die herstel van die gemeente (Smit, 1987:20).

Waar kerkregering so beoefen word, word die kerk veilig verby menslike insigte en prosedures gestuur om sodoende die herstelde verhouding met God in die sfeer van sy wil te beveilig en te handhaaf. Só is kerkregering meer as 'n teken van koninkryksregering, dit is 'n besondere toespitsing daarvan.

## 8. KERKREGERING IS 'N GEESTELIKE REGERINGSWYSE AAN DIE HAND VAN 'N SKRIFTUURLIKE KERKORDE

### 8.1 Kerkregering handhaaf nie 'n eie wetlikheid deur die kerkorde nie

In die kerkorde moet die orde wat *vir* die kerk bepaal is, duidelike gestalte *in* die kerk kry (Coertzen, 1991:175 e.v.). Dit beteken dat die kerkorde niks meer moet wees as die vrug van kerkregtelike navorsing en verklaring oor die orde wat die Here in sy Woord vir sy kerk bepaal het nie. Plek vir blote menslike insettinge behoort nie in 'n kerkorde ingeruim te word nie (Bouwman, I 1970:327; Jansen, 1923:2; Monsma, 1967:19 e.v.; Smit, 1984a:75 e.v.; 1983:27-32).

Die kerkorde het nie gesag in homself naas die Skrif nie: die kerkorde bedien slegs die Skrif se gesag. Hier vind dus geen gesagsoordrag van die Heilige Skrif na die kerkorde plaas nie. Die kerkorde is in sy wese niks anders as die rigtingwyser na die Woord waarin die Here se verordeninge en bepalinge vir die kerk geopenbaar is nie. Die kerkorde stel die kerk voor die eis dat hy in die vryheid van die gesag van Christus moet leef en nie in die benepenheid van 'n eie wetlikheid nie. Daarom mag in die hantering en toepassing van die kerkorde nie daarvan 'n afsonderlike stel reëls los van die Heilige Skrif gemaak word nie. Die kerkorde wil bloot sê: *Ko amar Jahwe* (So sê die Here). Die eie glorie van die kerkorde is sy sekondêre funksie: buite om sy diensbaarheid aan die gesag van die Woord hou sy bestaansreg op (Smit, 1984a:58-98; 1984b : 42-44; Coertzen, 1991 : 178, 180).

Waar benewens die *konstitutiewe* strekking van die kerkorde ook 'n *institutiewe* element na vore kom, wat voorsiening moet maak vir die praktiese beslag van die beginselbasis uit die Woord, moet dit slegs die allernoodsaaklikste wat geformuleer moet word bevat. Hierdie middelmatige sake (*circumstantiae*) wat wel geformuleer moet word, moet min wees, sê Calvyn nadruklik (1956, IV, x, 32). Slegs die *humanae constitutiones* (menslike insettinge) wat as geheel en al *prorsus divinae* (goddelik) gesien kan word in soverre dit gegrond is op die Woord se gesag (1 Kor. 14:40), is toelaatbaar (Calvyn, 1956, IV, x, 30). So moet die kerkorde volkome in diens van "Gottes Ordnung" staan, en moet dit derhalwe die koersaanduier wees waarvolgens kerkregering geheel en al Woordverkondiging word (Smit, 1984a : 57 e.v., vgl. Plomp, 1967 : 14, 15, 12, 9).

## 8.2 Kerkregering handhaaf die Gees se werk in die regsordelike bestaan van die kerk deur die kerkorde

As die rigtingbepaler van Woordverkondiging in die kerkregering, kan die Skriftuurlik begronde kerkorde ook nooit losgemaak word van die Heilige Gees nie:

> The Church (order) must always be understood, therefore, as existing in the movement from the believer to the Word which occurs in the leading of the Spirit through ordained means (Milner, 1970:192).

Juis omdat die Heilige Gees geheel en al meespreek in die daarstelling en die toepassing van die kerkorde, verklaar Calvyn dat by die kerkordelike bepalings wat duidelik uit die Skrif nagevors is, slegs die menslike reëlings wat op die Woord se gesag gegrond is en wat allernoodsaaklik daarin opgeneem moet word, in die kerkorde hoort (Calvyn, 1956, IV, x, 30). Ook verklaar gereformeerde teoloë vanaf Bucer dat die kerkorde wat op die Woord gegrond is, as die werk van die Heilige Gees beskou kan word (Van't Spijker, 1972 : 26, 27; Milner, 1970 : 192; vgl. p. 4 e.v.; Plomp, 1967:15 e.v.).

Die toepassing van die kerkorde bepaal egter of die gemeente deur 'n geestelike regeringswyse tot opbou (*aedificatio*) gedien word. Hierin word dit duidelik of die kerkregering wel 'n geloofsfunksie, of bloot 'n juridiese funksie sonder die Gees van God vervul (vgl. Kamphuis, 1966:8).

## 8.3 Kerkregering handhaaf die Skrifbeginsels vir die kerk deur die kerkorde

Omdat 'n Skrifgebonde kerkorde die werk van die Gees is, is dit nie 'n wet waarvan die regsgeldigheid in homself gestel is deur 'n menslike outoriteit nie. So 'n kerkorde is 'n rigtingwyser wat van homself af weg wys na die Woord van God waarin sy regsgeldigheid geleë is (Hovius, 1962:14). Daarom gaan dit prinsipieel in die kerklike regsuitoefening nie om oortreding van die kerkorde nie - soos dit in die wêreldlike regsuitoefening wel om oortreding van die staatswette gaan. 'n Oortreding van die kerkorde is inderwaarheid slegs 'n oortreding in soverre dit 'n oortreding is van die kerkordelike beginsels wat deur die Heilige Skrif gegee word, terwyl 'n oortreding van

'n staatswet op sigself 'n oortreding is. Derhalwe moet die kerkorde in die kerkregering nie as 'n selfstandige regsdraende entiteit toegepas word nie, maar dit moet in sy afhanklikheid van en samehang met die Woord van God toegepas word (Smit, 1984a:101; 1985:374 e.v.).

'n Skrifgebonde kerkregering moet die kerk met behulp van die kerkorde opbou en begrens (vgl. Pop, 1978 : 337). Sodoende is die kerkorde 'n hulpmiddel waardeur die herskape mensheid in die kerk tot die vervulling van hulle gehoorsaamheid aan Hom mag kom. In werklikheid is die kerkorde 'n weergawe van een Bybelse orde in verskeie artikels. Deur die kerkorde moet die kerkregering in die regsordelike (én die pastorale) lewe van die kerk daartoe bydra dat God verheerlik word, dat die ryk van Jesus Christus bevorder word en dat sy kerk, ook pastoraal, opgebou en van alle ergernisse en wanorde gesuiwer word, sodat die kerk tot sy volle *pleroma* (wasdom) kan groei (Smit, 1985:347; vgl. Nauta, 1971:9 e.v.).

Die beste Skrifgefundeerde kerkorde is egter geen *waarborg* vir 'n Geesvervulde kerklike lewe nie. So 'n kerkorde is wel 'n onmisbare *hulpmiddel* daartoe, indien die toepassing daarvan gelowig en biddend, in die sfeer van wysheid en billikheid, plaasvind (vgl. Plomp, 1978:144-147; Smit, 1985:366-368). Rigiede en ongenaakbare toepassing van die kerkorde, asof dit 'n selfstandige bundel statute buite die Woord van God is, smoor 'n 'geestelike regeringswyse' geheel en al. So word die hartklop van Christus in sy kerk onhoorbaar en die innerlike glans van die Gees verdof.

Slegs deur 'n Skrifgebonde kerkorde in die gees van die Woord toe te pas, kan die kerkregering verseker dat dit Christus self is wat sy kerk regeer. Die kerkorde moet die weg baan dat in alle kerkregeringshandelinge in werklikheid steeds na die Woord van God geappelleer word. So kom die primêre funksie van die kerkorde na vore, naamlik *die beveiliging van die Woordregering en derhalwe die Geestesregering* in die kerk van die Here (Smit, 1985:34 e.v.).

## 9. EINDKONKLUSIE OOR KERKREGERING AS 'N GEESTELIKE REGERINGSWYSE

* 'n Eiesoortige wyse van kerkregering is 'n Skrifopdrag, op grond van die eiesoortigheid van die kerk.

* Kerkregering se eiesoortigheid lê daarin dat dit 'n 'geestelike regeringswyse' moet wees, soos deur die Woord bepaal.

* Kerkregering as 'n 'geestelike regeringswyse' is nie op enige model van wêreldlike regering gebaseer nie. Derhalwe mag dit nie demokraties, deur 'n blote meerderheidstem, uitgeoefen word nie. Dit mag ook nie outoritêr, deur die beslissing van

'n kerklike monarg, uitgeoefen word nie. Kerkregering berus op die soenverdienste van Jesus Christus en is derhalwe volkome verbind aan sy wil vir sy kerk.

* Kerkregering is die ministerieel-presbiteriale toepassing van kerkregtelike arbeid, waardeur God se reg en orde vir sy kerk uit sy Woord nagevors word.

* Kerkregering handhaaf nie 'n 'eie wetlikheid' van menslike bepalings deur die kerkorde nie, maar stel die kerk vir sy regsordelike bestaan deur 'n Skrifgebonde kerkorde voor die Skrifbeginsels en Skrifopdrag wat deur Jesus Christus gegee is. So 'n kerkorde is geen waarborg vir 'n Geesvervulde kerklike lewe nie, maar wel 'n onmisbare hulpmiddel daartoe.

* Kerkregeringsorgane, die geroepe dienaars van die kerk in kerklike vergadering, het geen gesagsbevoegdheid uit hulleself nie. Ook mag geen kerkregeringstelsel aanspraak maak op eie gesag nie. Christus het sy gesag nie aan die kerk se regeringsorgane oorgedra nie; hulle bedien slegs sy gesag deur die toepassing van sy Woord.

* Kerkregering se regsgeldigheid rus nie in die eerste plek op die bevoegde regeringsorgane van die kerk nie, maar op die Woord van God op grond waarvan kerkregering uitgeoefen word.

* Kerkregering se doel en gerigtheid het nie juridies-wetlike afdwingbaarheid nie. Die bindingskrag van kerkregering word primêr deur geestelike faktore soos geloof en liefde bepaal.

* Kerkregering is Woordregering en Woordregering is regering deur die Gees. So regeer Jesus Christus sy kerk deur sy Woord en Gees.

* Die norm vir alle kerkregeringshandelinge is die liefdesgebod, die 'grondwet' van die koninkryk van die hemele.

* Kerkregering is op die beveiliging en handhawing van die herstelde verhouding met God gerig. Alle kerkregeringshandelinge moet wesenlik daarop ingestel wees om die herskape gemeenskap se regsordelike bestaan in gehoorsaamheid aan God te handhaaf. So is die kerkregering 'n toespitsing van die koninkryksheerskappy.

* Kerkregering as 'n 'geestelike regeringswyse', soos deur Christus in sy Woord bepaal, is noodsaaklik sodat sy kerk steeds sy koningskap sal gehoorsaam en nie dié van mense wat voorgee dat hulle in sy Naam regeer, maar in werklikheid hulle eie wil in die kerk van die Here deurvoer nie.

## 10. SLOT

Kerkregering as 'n 'geestelike regeringswyse', in die Skriftuurlike betekenis daarvan, vra na die Woord van die Here en die buig voor die Here van die Woord. Slegs deur dié gehoorsaamheid is dit in die kerkregering te midde van menslike insigte tog moontlik dat die heerskappy van Jesus Christus oor sy kerk sigbaar word. Hóm dien ons en op Hóm wag ons.

## 11. BIBLIOGRAFIE

AUGUSTINUS, A. 1955. De Civitate Dei. Corpus Christianorum series latina, dle. 47 en 48. Brepols : Turnholti Typographi.

BAHMANN, M.K. 1967. The Development of Luther's Principle of Ecclesiastical Authority (1512-1530) in the German Reformation. Michigan : University Microfilms.

BOUWMAN, H. 1970. Gereformeerde Kerkrecht, dl. I. Kampen : Kok.

CALVIN, J. 1864-1897. Ioannis Calvini opera quae supersunt omnia. 58 dle., *red.* Baum, Cunitz & Reuss. (Afgekort OC.) Brunsvigae : Schwetschke et Filium.

CALVIN, J. 1956. Institutie of onderwyzing in de christelijke godsdienst. 3 dle. 4 de dr. (Uit Latyn vertaal deur Sizoo, A.) Delft : Meinema.

CALVYN
kyk
CALVIN

COERTZEN, P. 1991. Gepas en ordelik. Pretoria : RGN-Uitgewers.

DE WET, C.J.H. 1921. Die kollegiale kerkreg. Amsterdam : Bottenburg.

DEXTER, H.M. (1879) 1970. The Congregationalism of the Last Three Hundred Years, as Seen in Its Literature. London : Gregg International.

DOMBOIS, H. 1969. Das Recht der Gnade: oekumenisches Kirchenrecht II. Witten, Bielefeld : Luther Verlag.

DREIER, R. 1984. Bemerkungen zum "Recht der Gnade". *Zeitschrift für evangelische Kirchenrecht,* 29(3):405-422, Nov.

DU PLOOY, A. le R. 1989. Kollegialisme. *In die Skriflig,* 23(91):2-11, Sept.

FEINE, H.E. 1972. Kirchliche Rechtsgeschichte. 5de hers. dr. Köln : Böhlau.

FOURIE, D.C.G. 1973. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk as regspersoon in die Suid-Afrikaanse Privaatreg. Potchefstroom. (Proefskrif (LLD) - PU vir CHO.)

FRIEDRICH, O. 1978. Einführung in das Kirchenrecht. 2de hers. dr. Göttingen : Vandenhoeck & Ruprecht.

GANOCZY, A. 1968. Ecclesia Ministrans: dienende Kirche und kirchlicher Dienst bei Calvin. Freiburg : Herder.

GASSMANN, B. 1968. Ecclesia reformata: die Kirche in den reformierten Bekenntnisschriften. Freiburg : Herder.

GEREFORMEERDE KERKORDE. 1980. Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, soos gewysig deur verskillende sinodes (GKO). Potchefstroom : CJB.

GREIJDANUS, S. s.a. Schriftbeginselen van kerkrecht: inzake meerdere vergaderingen. Enschede : Boersma.

GROENEWALD, E.P. 1962. Die Ekklesia in die Nuwe Testament. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif,* 3 (3):389-402, Jun.

HAIJTEMA, Th. L. 1951. Nederlands Hervormd Kerkrecht. Nijkerk : Callenbach.

HK. 1976. Die Heidelbergse Kategismus of onderwysing in die Christelike leer. (*In* Die Berymde Psalms en Skrifberyminge, Kaapstad : NG Kerk-Uitgewers. p. 521-566.)

HARNACK, Th. 1862. Die Kirche: ihr Amt - ihr Regiment. Gütersloh : Bertelsmann.

HOEDEMAKER, Ph. J. 1904. De kerk en het moderne staatsrecht. Amsterdam : Hollandsch-Afrikaansche Uitgevers.

HOLSTEIN, G. 1928. Die Grundlage des evangelischen Kirchenrechts. Tübingen : Mohr

HORTON, D. 1952. Congregationalism: A Study in Church Polity. London : Independent Press.

HOVIUS, J. 1962. Het verband tussen onze belijdenis en onze kerkorde. Sneek : Weisenbach.

JANSEN, J. 1923. Korte verklaring van de kerkenordening. Kampen : Kok.

KAMPHUIS, J. 1966. Verkenningen III: Opstellen over kerk en kerkrecht. Goes : Oosterbaan en Le Cointre.

KäSEMANN, E. 1964. Exegetische Versuche und Besinnungen II. 3de dr. Gottingen : Vandenhoeck & Ruprecht.

KLEYNHANS, E.P.J. 1985. Gereformeerde Kerkreg, dl. 3: Kerkverband en kerkvergaderinge. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel.

KUYPER, A. 1883. Tractaat van de reformatie der kerken aan de zonen der reformatie hier te lande: op Luther's vierde eeuwfeest. Amsterdam : Hoveker en Zoon.

LUTHER, M. 1884. Veertig Leerredenen. (Uit Duits vertaal deur Lodewijks, P.F.) Doesburg : Van Schenk Brill.

LUTHER, M. 1883-. D. Martin Luthers Werke: kritische Gesamtausgabe. Weimarer Ausgabe. (Afgekort: WA.) Weimar : Böhlhaus.

McGIFFERT, J.R.A.C. 1949. The Cambridge Platform of Church Discipline. (*In* Foote, H.W., *ed*. The Cambridge Platform of 1648: Tercentenary Commemoration at Cambridge, Massachusetts, Oct. 27, 1948. Boston : Beacon Press.)

MILNER, B.C. 1970. Calvin's Doctrine of the Church. Leiden : Brill.

MONSMA, M. 1967. The New Revised Church Order Commentary: A Brief Explanation of the Church Order of the Christian Reformed Church. Grand Rapids, Michigan : Zondervan.

MöRSDORF, K. 1964. Lehrbuch des Kirchenrechts: auf Grund des Codex Iuris Canonici. Begründet von Eichmann, E. 11de hers. dr. München : Schöningh.

NAUTA, D. 1971. Verklaring van de kerkorde van de Gereformeerde Kerken in Nederland. Kampen : Kok.

NEUMANN, J. 1981. Grundriss des katholischen Kirchenrechts. Darmstadt : Wissenschaftliche Buchgesellschaft.

NGB, 1976. Die Nederlandse Geloofsbelydenis. (*In* Die Berymde Psalms en Skrifberyminge. Kaapstad : NG Kerk-uitgewers. p. 486-520.)

O'BRIEN GELDENHUYS, F.E. 1951. Die regsposisie van kerkraad, ring en sinode onder die gereformeerde stelsel van kerkregering soos toegepas in die gefedereerde Ned. Ger. Kerke in Suid-Afrika. Pretoria : Van Schaik.

PIENAAR, G. 1982. Die gemeenregtelike regspersoon in die Suid-Afrikaanse Privaatreg. Potchefstroom. (Proefskrif (LLD) - PU vir CHO.)

PIENAAR, G. 1984. Die regsposisie van Gereformeerde Kerke in Suid- Afrika (2), *In die Skriflig*, 18(71):2-18, Sept.

PIENAAR, G. s.a. Die regsposisie van die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika. Potchefstroom : CJB.

PLOMP, J. 1967. Beginselen van reformatorisch kerkrecht. Kamper Cahiers, nr. 4. Kampen : Kok.

PLOMP, J. 1978. Salus ecclesia suprema lex. (*In* Grosheide, H.H., *et al*., *reds*. De knechtsgestalte van Christus: studies door collega's en oud-leerlingen aangeboden aan prof. dr. H.N. Ridderbos. Kampen : Kok. p. 139-152.)

POP, F.J. 1978. Die eerste brief van Paulus aan de Corinthiers. 4de dr. Nijkerk : Callenbach. (De prediking van het Nieuwe Testament.)

PONT, A.D. 1991. Die historiese agtergronde van ons kerklike reg, dl. 2. Pretoria : Kital.

POTGIETER, P.C. 1983. Die gesag van die kerk se woord: Rede uitgespreek by die aanvaarding van die amp van hoogleraar in Dogmatologie aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Bloemfontein : UOVS.

RIDDERBOS, H. 1971. Paulus: ontwerp van zijn theologie. 2de dr. Kampen : Kok.

RUTGERS, F.L. 1894. Het kerkrecht: in zoover het de kerk met het recht in verband brengt. Amsterdam : Wormser.

SCHLAICH, K. 1969. Kollegialtheorie: Kirche, Recht und Staat in der Aufklärung. Munchen : Claudius.

SCHMITZ, O. 1979. *Parakaléo, paraklésis.* (*In* Friedrich, G., *ed.* Theological Dictionary of the New Testament V. Michigan : Eerdmans. p. 793-799.)

SCHWENDENWEIN, H. 1983. Die Rechte und Pflichten der Kleriker. (*In* Listl, J. *et al., reds.* Handbuch des katolischen Kirchenrechts. Regensburg : Pustet. p. 206-213.)

SEHLING, E. 1914. Geschichte der protestantischen Kirchenverfassung. 2de dr. Berlyn : Teubner.

SMIT, C.J. 1983. Beskik die kerkorde oor selfstandige gesag? *In die Skriflig,* 17(68):27-33, Des.

SMIT, C.J. 1984a. God se orde vir sy kerk: 'n beskouing oor kerkorde. Pretoria : NG Kerkboekhandel.

SMIT, C.J. 1984b. Tot lof van die Kerkorde ... in sy dienskneggewaad I. *In die Skriflig,* 18(71):37-44, Sept.

SMIT, C.J. 1985. Kerkreg en kerkorde in die lig van God se reg en orde vir sy kerk. Potchefstroom. (Proefskrif (Th.D) - PU vir CHO.)

SMIT, C.J. 1987. Kerkreg en kerkorde in diens van die kerkregering: oorsig oor 'n beskouing. *In die Skriflig,* 21(82):17-27, Junie.

SNYMAN, W.J. 1977. Nuwe en ou dinge: "uit die skat van die koninkryk". (*In* Snyman, P.C., *red.* Potchefstroom : Pro Rege.)

SOHM, R. 1892. Kirchenrecht, dl. I. Leipzig : Duncker & Humblot.

SPOELSTRA, B. 1978. Die gesag van die sinode. *Studia Historiae Ecclesiasticae,* 3:1-19. Kerkhistoriese Werkgemeenskap van Suid-Afrika.

VAN DER LINDE, G.P.L. 1984. Die begrip Koninkryk van die Hemele as grondslag vir die Kerkreg. (*In* Douma, J., *et al. reds.* Bezield verband: opstellen aangeboden aan prof. J. Kamphuis. Kampen : Van den Berg. p. 126-133.)

VAN DER WALT, J.J. 1976. Christus as Hoof van die kerk en die presbiteriale kerkregering. Potchefstroom : Pro Rege.

VAN 'T SPIJKER, W. 1990a. Episcopalisme. (*In* Van't Spijker, W., *et al., reds.* De Kerk: wezen, weg en werk van de kerk naar reformatorische opvatting. Kampen : De Groot Goudriaan. p. 301-312.)

VAN 'T SPIJKER, W. 1990b. Congegrationalisme. (*In* Van't Spijker, W., *et al., reds.* De Kerk: wezen, weg en werk van de kerk naar reformatorische opvatting. Kampen : De Groot Goudriaan. p. 313-325.)

VAN 'T SPIJKER, W. 1983. Luther: belofte en ervaring. Goes : Oosterbaan & Le Cointre.

VAN 'T SPIJKER, W. 1972. Goddelijk recht en kerkelijke orde bij Martin Bucer. Apeldoornse studies, nr. 3. Kampen : Kok.)

VAN 'T SPIJKER, W. 1974. Democratisering van de kerk anno 1562. Kampen : Kok.

VAN ZYL, F.J. & VAN DER VYVER, J.D. 1982. Inleiding tot die regswetenskap. 2de uitg. Durban : Butterworth.

VOETIUS, G. 1885. Tractatus selecti; de politica ecclesiastica. (Afgekort: PE.) (*In* Rutgers, F.L., *red.* Series Prima. Amsterdam : Kruyt.)

WALKER, W. 1893. The Creeds and Platforms of Congregationalism. New York : Charles Scribner's Sons.

WEHRHAHN, H. 1956. Kirchenrecht und Kirchengewalt: Studien zur Theorie des Kirchenrechts der Protestanten auf lutherischer Lehrgrundlage. Tübingen : Mohr.